

Gebed verlig die nood en skep geleenthede van redding

Paulus vertrek saam met Silas op die tweede sendingreis, maar ook eers nadat die gemeente die sendelinge in gebed aan die Here opgedra het (15:40). Hierdie gebed het ingrypende gevolge as wat hulle besef het! Paulus het 'n opvolgreis beplan na die gemeentes wat hulle op die eerste sendingreis besoek het (15:36), maar God verander dit in 'n sendingreis na nuwe gebiede: Ja, God is besig om sy Woord vir die eerste keer na Europa te neem!

In Filippi (Griekeland) beland Paulus hulle in die tronk. Wat doen hulle? Hulle bid: *“Teen middernag was Paulus en Silas besig om te bid en tot lof van God te sing”* (16:25). Op hierdie gebed antwoord God met wonderbaarlike verlossing. Daar kom 'n groot aardbewing en die tronkdeure gaan oop! Die tronkbewaarder van Filippi vra die eeue-oue vraag en kry die evangelie as antwoord: “Menere, wat moet ek doen om gered te word?” Hulle antwoord hom: “Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin” (16:30, 31). Hy en sy gesin kom tot geloof en word deur die Here gered.

Deur gebed het die evangelie in Europa uitgekom en uiteindelik by ons eie voorouers. Wat na teëspoed gelyk het (Paulus-hulle se tronkstraf), word ná gebed 'n geleentheid van redding vir die tronkbewaarder en sy gesin!

Bid saam vir die volgende:

- Dat ons ook so 'n biddende gemeente sal wees.
- Dat God ook ons beplanning sal verander om sy beplanning te pas en deur ons die evangelie na plekke te neem wat ons nie eens voorsien het nie.
- Dat God ook ons teëspoed in geleenthede van redding vir ander sal omskep.

Sing: Psalm 66:2 (1936)

Ds. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord)